## Die interessante verhaal van 'n Ware Filatelist !

Katie de Jager was 'n eenvoudige plattelandse meisie, wat op die plaas Buffelsdrift gebore is. Sy was nooit getroud nie, sy het ook nie kinders gehad nie en het verkies om haar bejaarde ouers te versorg. Sy het gehelp met die plaaswerk, die grootmaak van haar drie jonger broers en het na die diere op die plaas omgesien.

Sy het nooit Oudtshoorn of die plaas verlaat nie. Tog was sy wêreldwys en het 'n uitstekende kennis van alles gehad, verryk deur die baie penvriende met wie sy oor die wêreld heen gekorrespondeer het. Met haar dood op 18 Mei 2003 ((ouderdom 87 jaar) het sy 'n ryke versameling van 37 posseëls albums, poskoeverte, poskaarte en verwante memoirbillia in 'n groot kis nagelaat. Alle pos materiaal was van haar pen-vriende wat oor die wêreld heen versprei was.



Foto: Bo, *Katie de Jager op 57 jaar.*
*Met Filatelie Lapelwapen(Bo) Lid 29217*

In die kis was daar nie duur *Britse Penny Blacks* of waardevolle *Kaapse Driehoek seëls* nie. Daar was egter 'n groot skat van liefde, in die vorm van 'n ware en getroue pen-vriendin vir haar mede pen-vriende, en 'n *"omgee-mens"*. As jy deur haar briewe lees is daar talle getuienis van geskenke wat sy ontvang het, poskaarte en inligting wat sy deel oor sonnige Suid-Afrika en die sorgvrye plaaslewe van Oudtshoorn. Ons gee graag hiermee 'n voorskou van die mense in verskillende lande met wie sy gekorrespondeer het as 'n Filatelis !!



*Bo: Britse Koningshuis Die Vatikaan Stad Kameroen Spanje Oostenryk*
*Onder: Frankryk Angola Egipte Kanada Australia*



1

## Katie se grootword plaas, *Buffelsdrift.*

Buffelsdrift en die aangrensende Schoemanshoek is wateryke plase met vrugbare grond in die *"Cango valley"*, aan die noordelike buitewyke van Oudtshoorn. Die standhoudende Grobbelaarsrivier vloei deur die middel deur die plaas, Buffelsdrift. Andrè Appel wat sy doktorale tesis in 1980 voltooi het oor Oudtshoorn se ontstaan in die 18/19de eeu, berig uitvoerig oor Carel de Jager, die oorspronklike stamvader van die De Jagers. Reeds in 1817 was hy *"Veldkornette"* van die omgewing en word die kerkraads vergaderings op sy plaas gehou. So raak hy van die eerste boere om sy werkers, 'n Hottentot egpaar, *"Doortjie en Aleth Roerstoft"*, sowel as 'n slaaf, *"Susanna Helena vd Kaap"* te laat doop en belydenis van geloof te laat aflê. Ook open hy 'n skool op die plaas.
Spoedig was sy plaas die mees toonaangewendste plaas vir Tabak in die land en in 1875 produseer Oudtshoorn 77% van die kolonie se tabak. In 1886 maak Carel 'n transport tog op na Kimberley. Hy laai 46 000 lemoene en 3000 bamboes sweepstokke vir die mark daar.

Pragtige poskaart van *"Bowles Brothers"* wat die omgewing toon met volgeplante tabak-lande en die Grobbel-aars rivier wat verby vloei.





'n Verdere Pragtige Pos-kaart deur *"Valentine & Sons", Kaapstad.* Dit toon die plase en gemengde boerderye gedurende die 18/19de eeu te Buffelsdrift.





2.

## Die Vooruitstrewende Buffelsdrift . .

In 'n inventaris, gedateer 1816,meld Carel de Jager dat hy oor 11 aanteel perde, 49 trekosse, 192 skape en hamels, 108 bokke en 22 000 wingerd stokke beskik. Sy oes uit die wingerd was dan ook 8 groot vate wyn en 2 groot vate gestookte brandewyn. (Per André Appel se doktorale tesis)



Kaap De Goede Hoop Posseëls. 1880 – 1890 : 2 X 2 penny Poseëls met pragtige Oudtshoornstempel. (Deel van Katie se waardevolle stukke)





Die ou-Wêreldse swart en wit poskaart, uitgereik deur *"Cape of Good Hope"* toon inderwaarheid die gemengde boerdery aktiwiteite op Buffelsdrift. (Sien links). (In een van haar briewe aan 'n oorsese penvriendin, meld Katie dat die versorging van die varke, die meeste van haar tyd opneem. Varke word nie genoem in Carel de Jager se inventaris.)

Daar was ook later dispute oor water-regte en die versameling van brandhout op de Jager se plaas, wat aangrensend aan Oudtshoorn geleë was. Die Mellville dam gebou in 1934 het ver gegaan in die oplossing van die water probleme. Sy voedingsbron was die sneeubedekte Swartberge.



3.

## Briewe -

**'n Ware Filatelis skryf aan almal briewe !**

Katie se Wêreld-wye korrespondensie met pen-maats . . .

- Oostenryk
- Frankryk
- en vele ander.



### Briewe hou 'n spesiale bekoring in

Daar is briewe uit Nederland toe sy ná skool daar gaan au pair het. Dan is daar briewe uit die tyd toe sy Engels gegee het in Suid-Korea. Sy is later met 'n Duitser getroud en toe was daar poskaarte uit Hanover.
In 2012 het hulle met hul fietse en 'n baba en kleuter agterop die fietse in *buggies* 1 700 km deur Duitsland en 'n deel van Frank-

maar baie spesiaal.
Al pos wat ons deesdae kry, is soms doktersrekeninge en elke jaar se nuwe foto's van ons Duitse kleinkinders wat ons goeie skoonseun aan ons stuur.
Ons kry wel baie foto's van hulle op WhatsApp. Maar vir die spesiale jaarlikse foto's wag ons ook soms, as gevolg van die posdiens, tot drie maande!

Burger 28/02/24





4.

## 'n Waardevolle stel seëls van Suid-Rhodesie (Zimbabwe)

Mnr G.J. de Jager, Katie se vader, verras haar met 'n stel baie waardevolle seëls van Suid-Rhodesie. Die groot 2/6 seël (hieronder) is uitgereik met kroning Elizabeth se kroning op 1 Junie 1953. Kort daarna, 31 Augustus 1953, reik Suid Rhodesie 'n volledige stel posseëls uit vanaf die ½d tot die gesogde £1.00. Dit beeld die lewe in Rhodesie pragtig uit vanaf die Victoria watervalle, die Zimbabwe Rùines, Rhodes se graf in die Matopo heuwels ens. (Dit is versend per geregistreerde pos, sien koevert hieronder.) Dit was moontlik die rede hoekom die Britse Koningshuis kort hierna, 'n spesiale versamelingsveld van haar geword het !!







5.

## Katie se grootword-dorp, Oudtshoorn.

Sy is gebore op die 27ste Febr. 1916. Dit beteken dat hierdie *"Juweeldorp in die Klein Karoo"*, toe nog maar in sy kinderskoene was.

Die pragtige poskaart uit-gegee deur S.A.R. & H. Dit toon die dorp in die oorgangs fase van perde-karre na motors – so 1916 tyd.
(Uit Katie se versameling).





'n Verdere poskaart, ook uitgereik deur S.A.R. toon die hoofstr in die jaar 1955. Perdekarre het nou plek ge-maak vir statige motors.
(Uit Katie se versameling).







Kerkstraat in Oudshoorn. (1931) Dit toon Standardbank.

Prokureur CJ Langenhoven se kantoor was onder, regs.

6.









1952 'n baie unieke Brief uit Helsinki vir Katie

Van: Esther Brand



Esther Brand is gebore in Springbok en het gestudeer aan Unv. Van Stellenbosch. Sy word Suid-Afrika en ook Afrika se eerste goue medalje wenner by 'n Olimpiese spele in veld items. Dit was in die hoogspring item op die Olimpiese spele. Sien asb hierbo en links die foto's en haar brief aan Katie. Sien ook hierbo die pragtige spesiale spele posseëls op ' spesiale uitgereikte koevert. Wat 'n wonderlike stuk *memoirbillia !!*

7.

## Hartverskeurende verhaal van "*Agter die Ystergordyn*"

**Katie het hierdie pen-vriendin, "*Roden*", woonagtig in Hamburg, Wes-Duitsland wat gaan kuier het by haar familie in Leipzig, Oos Duitsland. Op die 10 de Jan 1952, skryf sy die mees onstellende brief na haar besoek. (Sien asb. aanhalings uit die brief, hieronder).**

- *"My family applied twice at the Russian Zone for a permit that I can visit them, but apparently the application just vanished."*
- *"She went a 3rd time informing them that I am no spy and thereafter a permit was issued".*
- *"Reaching the Russian border, we waited for two hours to get our passport stamped".*
- *"All our newspapers, magazines, books and presents were taken from us".*
- *"All our money were counted and recorded in our passport. We must have the same amount on our return. 15 Hours later we reached Leipzig".*
- *"The shops only sell goods that are produced locally, no foreign goods are sold".*
- *"Tea, sugar, milk & meat are sold by cards issued by Government".*
- *"There are no new cars, all cars are from the pre-war period.*
- *"There are no private banks, factories etc. All belongs to the Government".*
- *"All farmers owning more than 100ha must part with the rest. It is handed to other men".*
- *"There is no unemployment. All people are forced to work and work. Women work harder than men. People are all very unhappy, but you cannot speak, as spies are everywhere !"*



8.

## Spesiale en baie skaars seëls vanaf Russiese Zone (Oos-Duitsland) Penvriendin, *"Roden"*, stuur hierdie gesogde seëls vir Katie !

Na die selfmoord van Adolf Hitler het Rusland, die VSA , Britanje en Frankryk elkeen oor 'n gedeelte van Duitsland geheers vanaf 1946 tot 1948. Die Russiese owerheid het die seëls hieronder uitgereik.

1. "Leipzig Spring Fair" (1947) Die drie seëls in bruin, groen en blou kleur.



2. *"Hanover Trade Fair" (1948)* Twee ongebruikte seëls.









3. Baie spesiale Kaart met twee van die seëls (1947).





9.

## Katie ontvang pragtige seëls en briewe van Kishin uit Indonesie

Indonesia is geleë suid van India en verkry haar onafhanklikheid op die 15 de Augustus 1950 van Nederland. Katie se penvriend stuur ook 'n "snapshot" (foto) van homself en versoek ook 'n foto van haar. In Katie se albums is verskeie briewe van hom en Eerste dag koeverte van Indonesia. Die brief hieronder (binne die koevert) is gedateer, 23 Aug 1955. Die vriendskap moes redelik lank geduur het, omdat die stel seëls uitgereik is in 1965. Dit toon die Samudra Hotel, woonadres van Kishin.







Seëls uitgereik gedurende 1967 & 1968 en toon *"Balinese Girl" & "Butterfly Dancer".*

10.

## Katie versamel (dalk onwetend) kleurvolle "*Cinderella*" Seëls

**Haar album nr 29 het 'n versameling seëls van "*Die Republik van Maluku Selatan*" bevat. Laasgenoemde was 'n klompie eilande wat hulself ongemagtig, onafhanklik verklaar het van Nederland, op die 25ste April 1950. Hulle het egter geen internasionale erkenning ontvang nie. Nogtans het 'n entoesiastiese New Yorkse seëlhandelaar, Henry Stolow, van die pragtige kleurvolle posseëls vir die nuwe Republik ontwerp en laat druk. Die Republik se leiers, diere, voëls, plante en skoenlappers word daarop uitgebeeld.**

**Die eilande is in 'n skermutseling deur Indonesia omvergewerp, voordat die posseëls ingebruik geplaas kon word. Vandag tel die ongebruikte seëls onder die wêreld se mees bekendste *"Cinderella seëls"*. Katy het 5 X volledige stelle van die seëls van haar Indonesia vriend, Kishin, ontvang. (Sien foto op vorige bladsy, met sy troetel apie.)**

**Hieronder is enkele van die seëls uit die versameling van Katie de Jager.**



11.

## Pragtige Ongebruikte Seëls gepos van die Vatikaan Stad.

Die Vatikaan stad in Rome (Italië) is 'n klein gedeelte wat totaal onafhanklik is sedert 1929 en val onder die heerskappy van die Pous. *"Reverent"* en mevrou Stackhouse, Roomse sendelinge in die Franse Afrika staat, Kameroen, was ook deel van Katie se penvriende. Hulle woon in 1943 die inhuldiging van Pous Pacelli by en ontvang daarna 'n stel van 4 seëls (sien hieronder) wat hierdie inhuldiging gedenk.



Die sendeling egpaar skenk ook later aan haar 10 gedenkseëls, uitgereik in 1946 deur die Pousdom, wat 'n herdenking is van die *"Raad van Trent"* . Die Raad van Trent was die Pous se Roomse Raad wat die Protestante/Calvanistiese aanslag teen die Roomse kerk teengestaan het.







Hierdie brief is gepos in Kameroen op 22 Julie 1953 vir Katie

12.

## Pragtige seëls en posstukke vanaf Oostenryk (Osterreich)

Katie en Rudolp Sandler was groot penvriende vanaf 1948 tot 1955. Hulle het die mooiste en intressanste seëls uitgeruil. Hulle het ook mekaar vertel van hulle lewens, hulle familie en lief en leed.

Hieronder is 'n voledige stel 1948 posseël uitreiking deur Oostenryk in ongebruikte vorm. Ook ingeslote is die koevert van Rudolp waarmee dit versend is.







13.

## Die *"Royal"* familie van Brittanje

Esther de Jager ('n jarelange vriendin) bevestig dat *"Tannie Katie"* 'n buitengewone belangstelling in die Koninklikes van Brittanje gehad het. Dit het moontlik ontstaan met die Koninklike besoek aan Oudtshoorn in 1947 toe sy 31 jaar was en deel was van die besoeke aan die volstruisplase, die Kango Grotte ens. Diana was haar gunsteling en hieronder is pragtige seëls uitgereik van die Prinses deur die Britse posdiens 03.02.1998 .

In haar album was ook die koninklike egpaar wat verskyn op seëls wat uitgereik is deur die eiland *"Nauru"*. Die eiland is 'n baie besondere klein gebied met slegs 12500 inwoners en is geleë halfweg tussen Australie en Hawaii.
Die inheemse bevolking leef van visvang en fosfaat wat orals op die eiland voorkom. Dit is vreemd hoe Katie die seëls bekom het, want dit is uiters skaars.



Diana, Princess of Whales
issued : 03.02.1998
*"Gutter pair of five"*





'n Eerste dag koevert
Uitgereik 17.02.1947
Gestempel *"Royal visit"*.
*Elizabeth & Margaret (Bo)*

14.

## Katie sterf op ouderdom 87.

Ds Smit doen die skriflesing en Bossie Bosman van Avbob doen die reëlings vir die begrafnis-stoet uit Oudtshoorn tot by Buffelsdrift. Onder 'n paar yl doring-boompies, tussen karee en melkhout-bosse rus sy saam met al die De Jagers in die familie begraafplaas.
Die familie sing vir oulaas Lied 464.
. . .Ook in haar album was hierdie baie ou Poskaart van Cecil John Rhodes se graf in die Matopo heuwels. Ons voeg ook toepaslik by uit haar album twee seëls uitgereik deur die Poswese in Rhodesie. Dit is 'n 1½d seël van Rhodes self, uitgereik 1940 en 'n 3d seël van sy graf,uitgereik in 1953.

*Lied 464 vers 1 & 3*
*O Heer my God, as ek in eerbied wonder-*
*en al u werke elke dag aanskou:*
*Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,*
*hoe U dit elke dag so onderhou...*

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!*
*Hoe groot is U: Hoe groot is U!*
*Want deur die hele skepping klink dit saam:*
*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*







15.

## Katie De Jager – Epilogue

F.A. Venter het 'n boek geskryf met die titel, *"Die dag toe ek my naam vergeet het"*. Daarin uiter hy die nostalgiese versugting . . . *"As ek net een keer weer op die ou werwe kon staan, . . . want alles is so verganklik in die kringloop van tyd !!"*
Die grootvader, Carel de Jager en Katie se spogplaas van die 18de eeu is nou nog mooier. Dit is vandag 'n vooraanstaande Olyfplaas met vervaardigings geriewe. Daar is 'n vyf ster restaurant, akkommodasie en 'n internasionale teater .









Hierbo sien u so 'n kleindeel van die oorspronklike 18de eeu se plaas woning.



Ons groet u met die ou RSA vlag waar-onder Katie grootgeword het geleef het. Dit is ook geneem uit haar versameling. Materiaal soos ontvang van Gawie en Esther de Jager. Saamgestel Pieter Meyer

16.

# Die interessante verhaal van 'n Ware Filatelist !





Katie de Jager was 'n eenvoudige plattelandse meisie, wat op die plaas Buffelsdrift gebore is. Sy was nooit getroud nie, sy het ook nie kinders gehad nie en het verkies om haar bejaarde ouers te versorg. Sy het gehelp met die plaaswerk, die grootmaak van haar drie jonger broers en het na die diere op die plaas omgesien.

Sy het nooit Oudtshoorn of die plaas verlaat nie. Tog was sy wêreldwys en het 'n uitstekende kennis van alles gehad, verryk deur die baie penvriende met wie sy oor die wêreld heen gekorrespondeer het. Met haar dood op 18 Mei 2003 ((ouderdom 87 jaar) het sy 'n ryke versameling van 37 posseëls albums, poskoeverte, poskaarte en verwante memoirbillia in 'n groot kis nagelaat. Alle pos materiaal was van haar pen-vriende wat oor die wêreld heen versprei was.

Foto: Bo, *Katie de Jager op 57 jaar.*
*Met Filatelie Lapelwapen(Bo) Lid 29217*

In die kis was daar nie duur *Britse Penny Blacks* of waardevolle *Kaapse Driehoek seëls* nie. Daar was egter 'n groot skat van liefde, in die vorm van 'n ware en getroue pen-vriendin vir haar mede pen-vriende, en 'n *"omgee-mens".* As jy deur haar briewe lees is daar talle getuienis van geskenke wat sy ontvang het, poskaarte en inligting wat sy deel oor sonnige Suid-Afrika en die sorgvrye plaaslewe van Oudtshoorn. Ons gee graag hiermee 'n voorskou van die mense in verskillende lande met wie sy gekorrespondeer het as 'n Filatelis !!
















*Bo: Britse Koningshuis Die Vatikaan Stad Kameroen Spanje Oostenryk*
*Onder: Frankryk Angola Egipte Kanada Australia*















# Katie se grootword plaas, *Buffelsdrift.*

Buffelsdrift en die aangrensende Schoemanshoek is wateryke plase met vrugbare grond in die *"Cango valley"*, aan die noordelike buitewyke van Oudtshoorn. Die standhoudende Grobbelaarsrivier vloei deur die middel deur die plaas, Buffelsdrift. Andrĕ Appel wat sy doktorale tesis in 1980 voltooi het oor Oudtshoorn se ontstaan in die 18/19de eeu, berig uitvoerig oor Carel de Jager, die oorspronklike stamvader van die De Jagers. Reeds in 1817 was hy *"Veldkornette"* van die omgewing en word die kerkraads vergaderings op sy plaas gehou. So raak hy van die eerste boere om sy werkers, 'n Hottentot egpaar, *"Doortjie en Aleth Roerstoft"*, sowel as 'n slaaf, *"Susanna Helena vd Kaap"* te laat doop en belydenis van geloof te laat aflê. Ook open hy 'n skool op die plaas.

Spoedig was sy plaas die mees toonaangewendste plaas vir Tabak in die land en in 1875 produseer Oudtshoorn 77% van die kolonie se tabak. In 1886 maak Carel 'n transport tog op na Kimberley. Hy laai 46 000 lemoene en 3000 bamboes sweepstokke vir die mark daar.




Pragtige poskaart van *"Bowles Brothers"* wat die omgewing toon met volgeplante tabaklande en die Grobbelaars rivier wat verby vloei.




'n Verdere Pragtige Poskaart deur *"Valentine & Sons", Kaapstad.* Dit toon die plase en gemengde boerderye gedurende die 18/19de eeu te Buffelsdrift.

# Die Vooruitstrewende Buffelsdrift . .

In 'n inventaris, gedateer 1816,meld Carel de Jager dat hy oor 11 aanteel perde, 49 trekosse, 192 skape en hamels, 108 bokke en 22 000 wingerd stokke beskik. Sy oes uit die wingerd was dan ook 8 groot vate wyn en 2 groot vate gestookte brandewyn.
(Per André Appel se doktorale tesis)




Kaap De Goede Hoop Posseëls.
1880 – 1890 : 2 X 2 penny Poseëls
met pragtige Oudtshoornstempel.
(Deel van Katie se waardevolle stukke)



CHARACTERISTIC VIEW OF OUTSKIRTS OF OUDTSHOORN, CAPE COLONY.

Die ou-Wêreldse swart en wit poskaart, uitgereik deur *"Cape of Good Hope"* toon inderwaarheid die gemengde boerdery aktiwiteite op Buffelsdrift. (Sien links). (In een van haar briewe aan 'n oorsese penvriendin, meld Katie dat die versorging van die varke, die meeste van haar tyd opneem. Varke word nie genoem in Carel de Jager se inventaris.)

Daar was ook later dispute oor water-regte en die versameling van brandhout op de Jager se plaas, wat aangrensend aan Oudtshoorn geleë was. Die Mellville dam gebou in 1934 het ver gegaan in die oplossing van die water probleme. Sy voedingsbron was die sneeubedekte Swartberge.



MELVILLE DAM, OUDTSHOORN. PHOTO: SAR 0 11

## Briewe -

## 'n Ware Filatelis skryf aan almal briewe !

**Katie se Wêreldwye korrespondensie met penmaats . . .**

- **Oostenryk**
- **Frankryk**
- **en vele ander.**







# Briewe hou 'n spesiale bekoring in

**SmitE, Bellville**

Ek het Marie, Mbombela, se brief "Waar is dae van briewe in die pos ontvang?"(24.02) met belangstelling gelees en moet met haar saamstem dat briewe 'n spesiale bekoring inhou.

'n Tydjie gelede het ons kaste skoongemaak in die huis en op briewe en poskaarte van ons oorlede dogter afgekom.

Daar is briewe uit Nederland toe sy ná skool daar gaan au pair het. Dan is daar briewe uit die tyd toe sy Engels gegee het in Suid-Korea. Sy is later met 'n Duitser getroud en toe was daar poskaarte uit Hanover.

In 2012 het hulle met hul fietse en 'n baba en kleuter agterop die fietse in *buggies* 1 700 km deur Duitsland en 'n deel van Frankryk gery, en het ons poskaarte uit elke dorp gekry waar hulle in parke geslaap het. Dit is vir ons mooi herinneringe van haar wonderlike tyd in Duitsland voordat sy daar gesterf het.

E-pos en whatsapps is wel maklik en vinnig, en soos die posdiens vandag is, 'n welkome uitkoms. Maar ai, daai brief of poskaart in die posbus is darem maar baie spesiaal.

Al pos wat ons deesdae kry, is soms doktersrekeninge en elke jaar se nuwe foto's van ons Duitse kleinkinders wat ons goeie skoonseun aan ons stuur.

Ons kry wel baie foto's van hulle op WhatsApp. Maar vir die spesiale jaarlikse foto's wag ons ook soms, as gevolg van die posdiens, tot drie maande!

Burger 28/02/24



# 'n Waardevolle stel seëls van Suid-Rhodesie (Zimbabwe)

**Mnr G.J. de Jager, Katie se vader, verras haar met 'n stel baie waardevolle seëls van Suid-Rhodesie. Die groot 2/6 seël (hieronder) is uitgereik met kroning Elizabeth se kroning op 1 Junie 1953. Kort daarna, 31 Augustus 1953, reik Suid Rhodesie 'n volledige stel posseëls uit vanaf die ½d tot die gesogde £1.00. Dit beeld die lewe in Rhodesie pragtig uit vanaf die Victoria watervalle, die Zimbabwe Rǔines, Rhodes se graf in die Matopo heuwels ens. (Dit is versend per geregistreerde pos, sien koevert hieronder.) Dit was moontlik die rede hoekom die Britse Koningshuis kort hierna, 'n spesiale versamelingsveld van haar geword het !!**






## Katie se grootword-dorp, Oudtshoorn.

**Sy is gebore op die 27ste Febr. 1916. Dit beteken dat hierdie *"Juweeldorp in die Klein Karoo"*, toe nog maar in sy kinderskoene was.**

**Die pragtige poskaart uitgegee deur S.A.R. & H. Dit toon die dorp in die oorgangs fase van perdekarre na motors – so 1916 tyd. (Uit Katie se versameling).**




**'n Verdere poskaart, ook uitgereik deur S.A.R. toon die hoofstr in die jaar 1955. Perdekarre het nou plek gemaak vir statige motors. (Uit Katie se versameling).**







**Kerkstraat in Oudshoorn. (1931) Dit toon Standardbank.**

**Prokureur CJ Langenhoven se kantoor was onder, regs.**






Helsinki, Finland
19/7/52

Geagte Mej. de Jager,

My man het my gevra om aan u 'n stel van die Spesiale Olimpiese seëls te stuur en ek doen dit dus hiermee met graagte. Ek hoop dit sal u veilig bereik.

Baie groete + beste wense
van
Esther Brand.

**1952**
**'n baie unieke Brief uit Helsinki vir Katie**

**Van: Esther Brand**



**Esther Brand is gebore in Springbok en het gestudeer aan Unv. Van Stellenbosch. Sy word Suid-Afrika en ook Afrika se eerste goue medalje wenner by 'n Olimpiese spele in veld items. Dit was in die hoogspring item op die Olimpiese spele. Sien asb hierbo en links die foto's en haar brief aan Katie. Sien ook hierbo die pragtige spesiale spele posseëls op ' spesiale uitgereikte koevert. Wat 'n wonderlike stuk *memoirbillia* !!**

7.

# Hartverskeurende verhaal van "*Agter die Ystergordyn*"

**Katie het hierdie pen-vriendin, "*Roden*", woonagtig in Hamburg, Wes-Duitsland wat gaan kuier het by haar familie in Leipzig, Oos Duitsland. Op die 10 de Jan 1952, skryf sy die mees onstellende brief na haar besoek. (Sien asb. aanhalings uit die brief, hieronder).**

- ***"My family applied twice at the Russian Zone for a permit that I can visit them, but apparently the application just vanished."***
- ***"She went a 3rd time informing them that I am no spy and thereafter a permit was issued".***
- ***"Reaching the Russian border, we waited for two hours to get our passport stamped".***
- ***"All our newspapers, magazines, books and presents were taken from us".***
- ***"All our money were counted and recorded in our passport. We must have the same amount on our return. 15 Hours later we reached Leipzig".***
- ***"The shops only sell goods that are produced locally, no foreign goods are sold".***
- ***"Tea, sugar, milk & meat are sold by cards issued by Government".***
- ***"There are no new cars, all cars are from the pre-war period.***
- ***"There are no private banks, factories etc. All belongs to the Government".***
- ***"All farmers owning more than 100ha must part with the rest. It is handed to other men".***
- ***"There is no unemployment. All people are forced to work and work. Women work harder than men. People are all very unhappy, but you cannot speak, as spies are everywhere !"***




8.

## Spesiale en baie skaars seëls vanaf Russiese Zone (Oos-Duitsland)
## Penvriendin, *"Roden",* stuur hierdie gesogde seëls vir Katie !

**Na die selfmoord van Adolf Hitler het Rusland, die VSA , Britanje en Frankryk elkeen oor 'n gedeelte van Duitsland geheers vanaf 1946 tot 1948. Die Russiese owerheid het die seëls hieronder uitgereik.**

**1. "Leipzig Spring Fair" (1947)** **Die drie seëls in bruin. groen en blou kleur.**




**2. *"Hanover Trade Fair"***
***(1948)*** **Twee ongebruikte seëls.**










**3. Baie spesiale Kaart met twee van die seëls (1947).**

# Katie ontvang pragtige seëls en briewe van Kishin uit Indonesie

**Indonesia is geleë suid van India en verkry haar onafhanklikheid op die 15 de Augustus 1950 van Nederland. Katie se penvriend stuur ook 'n "snapshot" (foto) van homself en versoek ook 'n foto van haar. In Katie se albums is verskeie briewe van hom en Eerste dag koeverte van Indonesia. Die brief hieronder (binne die koevert) is gedateer, 23 Aug 1955. Die vriendskap moes redelik lank geduur het, omdat die stel seëls uitgereik is in 1965. Dit toon die Samudra Hotel, woonadres van Kishin.**






















**Seëls uitgereik gedurende 1967 & 1968 en toon *"Balinese Girl"* & *"Butterfly Dancer"*.**

# Katie versamel (dalk onwetend) kleurvolle "*Cinderella*" Seëls

**Haar album nr 29 het 'n versameling seëls van "*Die Republik van Maluku Selatan*" bevat. Laasgenoemde was 'n klompie eilande wat hulself ongemagtig, onafhanklik verklaar het van Nederland, op die 25ste April 1950. Hulle het egter geen internasionale erkenning ontvang nie. Nogtans het 'n entoesiastiese New Yorkse seëlhandelaar, Henry Stolow, van die pragtige kleurvolle posseëls vir die nuwe Republik ontwerp en laat druk. Die Republik se leiers, diere, voëls, plante en skoenlappers word daarop uitgebeeld.**

**Die eilande is in 'n skermutseling deur Indonesia omvergewerp, voordat die posseëls ingebruik geplaas kon word. Vandag tel die ongebruikte seëls onder die wêreld se mees bekendste "*Cinderella seëls*". Katy het 5 X volledige stelle van die seëls van haar Indonesia vriend, Kishin, ontvang. (Sien foto op vorige bladsy, met sy troetel apie.)**

**Hieronder is enkele van die seëls uit die versameling van Katie de Jager.**







































# Pragtige Ongebruikte Seëls gepos van die Vatikaan Stad.

**Die Vatikaan stad in Rome (Italië) is 'n klein gedeelte wat totaal onafhanklik is sedert 1929 en val onder die heerskappy van die Pous. *"Reverent"* en mevrou Stackhouse, Roomse sendelinge in die Franse Afrika staat, Kameroen, was ook deel van Katie se penvriende. Hulle woon in 1943 die inhuldiging van Pous Pacelli by en ontvang daarna 'n stel van 4 seëls (sien hieronder) wat hierdie inhuldiging gedenk.**



**Die sendeling egpaar skenk ook later aan haar 10 gedenkseëls, uitgereik in 1946 deur die Pousdom, wat 'n herdenking is van die *"Raad van Trent"*. Die Raad van Trent was die Pous se Roomse Raad wat die Protestante/Calvanistiese aanslag teen die Roomse kerk teengestaan het.**








**Hierdie brief is gepos in Kameroen op 22 Julie 1953 vir Katie**

# Pragtige seëls en posstukke vanaf Oostenryk (Osterreich)

**Katie en Rudolp Sandler was groot penvriende vanaf 1948 tot 1955. Hulle het die mooiste en intressanste seëls uitgeruil. Hulle het ook mekaar vertel van hulle lewens, hulle familie en lief en leed.**

**Hieronder is 'n voledige stel 1948 posseël uitreiking deur Oostenryk in ongebruikte vorm. Ook ingeslote is die koevert van Rudolp waarmee dit versend is.**






# Die *"Royal"* familie van Brittanje

**Esther de Jager ('n jarelange vriendin) bevestig dat *"Tannie Katie"* 'n buitengewone belangstelling in die Koninklikes van Brittanje gehad het. Dit het moontlik ontstaan met die Koninklike besoek aan Oudtshoorn in 1947 toe sy 31 jaar was en deel was van die besoeke aan die volstruisplase, die Kango Grotte ens. Diana was haar gunsteling en hieronder is pragtige seëls uitgereik van die Prinses deur die Britse posdiens 03.02.1998 .**

**In haar album was ook die koninklike egpaar wat verskyn op seëls wat uitgereik is deur die eiland *"Nauru".* Die eiland is 'n baie besondere klein gebied met slegs 12500 inwoners en is geleë halfweg tussen Australie en Hawaii. Die inheemse bevolking leef van visvang en fosfaat wat orals op die eiland voorkom. Dit is vreemd hoe Katie die seëls bekom het, want dit is uiters skaars.**













**Diana, Princess of Whales**
**issued : 03.02.1998**
***"Gutter pair of five"***







**'n Eerste dag koevert**
**Uitgereik 17.02.1947**
**Gestempel *"Royal visit"*.**
***Elizabeth & Margaret (Bo)***

## Katie sterf op ouderdom 87.

**Ds Smit doen die skriflesing en Bossie Bosman van Avbob doen die reëlings vir die begrafnis-stoet uit Oudtshoorn tot by Buffelsdrift. Onder 'n paar yl doring-boompies, tussen karee en melkhout-bosse rus sy saam met al die De Jagers in die familie begraafplaas.**
**Die familie sing vir oulaas Lied 464.**
**. . .Ook in haar album was hierdie baie ou Poskaart van Cecil John Rhodes se graf in die Matopo heuwels. Ons voeg ook toepaslik by uit haar album twee seëls uitgereik deur die Poswese in Rhodesie.**
**Dit is 'n 1½d seël van Rhodes self, uitgereik 1940 en 'n 3d seël van sy graf,uitgereik in 1953.**







*Lied 464 vers 1 & 3*

*O Heer my God, as ek in eerbied wonder-*
*en al u werke elke dag aanskou:*
*Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,*
*hoe U dit elke dag so onderhou...*

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!*
*Hoe groot is U: Hoe groot is U!*
*Want deur die hele skepping klink dit saam:*
*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*



GRAVE OF CECIL JOHN RHODES, MATOPO HILLS






# Katie De Jager – Epilogue

**F.A. Venter het 'n boek geskryf met die titel, *"Die dag toe ek my naam vergeet het".* Daarin uiter hy die nostalgiese versugting . . . *"As ek net een keer weer op die ou werwe kon staan, . . . want alles is so verganklik in die kringloop van tyd !!"***

**Die grootvader, Carel de Jager en Katie se spogplaas van die 18de eeu is nou nog mooier. Dit is vandag 'n vooraanstaande Olyfplaas met vervaardigings geriewe. Daar is 'n vyf ster restaurant, akkommodasie en 'n internasionale teater .**







**Hierbo sien u so 'n kleindeel van die oorspronklike 18de eeu se plaas woning.**




**Ons groet u met die ou RSA vlag waar-onder Katie grootgeword het geleef het. Dit is ook geneem uit haar versameling. Materiaal soos ontvang van Gawie en Esther de Jager. Saamgestel Pieter Meyer**